higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

EKONOMIE N5

8 Junie 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Merk al die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

1.1 B
1.2 D
1.3 B
1.4 C
1.5 B

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Onwaar
2.3 Onwaar
2.4 Waar
2.5 Onwaar
2.6 Onwaar
2.7 Waar
2.8 Onwaar
2.9 Waar
2.10 Onwaar

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

3.1 L
3.2 B
3.3 N
3.4 D
3.5 M
3.6 E
3.7 O
3.8 I
3.9 K
3.10 R

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Merk enige DRIE vrae in AFDELING B.

VRAAG 4

4.1 4.1.1

- Ekonomiese orde en beskerming
  - Die handhawing van interne en eksterne sekuriteit
  - Verskaf 'n regsdiens wat deur howe gelewer word

  (Enige 1 × 1)
- Maatskaplike Welsyn
  - Fokus op die welstand van die nasie, bv. hospitalisering
- Ekonomiese welvaart
  - Stimuleer ekonomiese welvaart deur monetêre beheer

  (Enige 3 × 2) (6)

4.1.2

- Totale bevolking – Hoe hoër die persentasie werkende bevolking, hoe groter is die arbeidsaanbod.
- Bevolkingsgroeikoers – Hoe hoër die bevolkingsgroeikoers, hoe groter is die arbeidsaanbod.
- Arbeidsmag/Arbeidskragverdelingskoers – Hoe hoër hierdie koers is, hoe hoër is die werkloosheidskoers.
- Werksure - Tans verkies werknemers buigsame werksure wat hul produktiwiteit verbeter en help om spitstydverkeer te vermy.
- Migrasie – Die emigrasie van werkers na ander lande verminder die aanbod van arbeid, terwyl immigrasie van werkers uit ander lande die arbeidsaanbod verhoog.
- Vaardigheidsvlakke – Suid-Afrika het 'n tekort aan hoogs geskoolde werkers. (Enige 5 × 2) (10)

4.1.3

- Transaksionele motief✓ – Hou verband met die behoefte aan kontant vir daaglikse transaksies.✓✓
- Voorsorgmotief✓ – Daar moet voorsiening gemaak word vir alle moontlike gebeurlikhede.✓✓
- Spekulatiewe motief✓– Hierdie motief hang baie af van wat die individu verwag met pryse sal gebeur, bv. om die aankoop van goedere uit te stel as 'n prysdaling verwag word.✓✓ (3 × 3) (9)

4.2 4.2.1

- Huishoudings is die hoofdeelnemers aan die kringloop, aangesien hulle produksiefaktore soos arbeid verskaf
- Aan die sakesektor en regering in ruil vir vergoeding.
- Die vergoeding word gebruik om goedere en dienste te koop om in eie behoeftes te voorsien.

4.2.2
- Die regering verkry fondse van huishoudings deur belasting.
- Dit lewer goedere en dienste deur gebruik te maak van produksiefaktore.
- Dit neem besluite oor die ekonomie. (2 × 3) (6)

4.3 4.3.1
- Nasionale inkomste verwys na die inkomste wat gegenereer word deur al die ekonomiese aktiwiteite
- deur die burgers van 'n land gedurende 'n jaar.

4.3.2
- Nasionale besteding verwys na die besteding deur huishoudings, nywerhede en die regering
- in 'n oop ekonomie.

OF

- Nasionale besteding verwys na die manier waarop die nasie
- sy nasionale inkomste spandeer op goedere en dienste.

(Enige 2 × 2)
(2 × 2) (4)

4.4 4.4.1 Armoede – 'n gebrek aan materiële goedere✓ en geld✓

4.4.2 Gelykheid – almal is gelyk voor die wet✓ en verdien gelyke beskerming en voordele van die wet✓

4.4.3 Doeltreffendheid – om produktief te werk met die minimum vermorste moeite en uitgawes✓ deur gebruik te maak van alle beskikbare hulpbronne

(3 × 2) (6)

4.5
- Neem deel aan onderhandelinge met die werkgewer rakende bv. lone.
- Verteenwoordig die werknemer tydens onderhandelinge wanneer ernstige probleme by die werk ontstaan.
- Onderhandel vir beter werksomstandighede.
- Onderhandel vir beskerming vir werknemers as met ontslag gedreig word.
- Help met aangeleenthede rakende die WVF.
- Verseker dat deeltydse werknemers billik behandel word.
- Verenig en organiseer werkers in verskillende bedrywe. (Enige 3 × 1) (3)

4.6 Kapitale mark
- Hierdie markte verwys na langtermyn finansiële instrumente.
- Langtermynlenings en uitlenings vind plaas.
- Voorbeeld: huislenings

Geldmark
- Word korttermynmarkte genoem.
- Korttermynlenings en -besparings vind plaas.
- Hanteer deposito's en belê vir 'n kort termyn. (Enige 2 × 2) (4)

4.7 Inflasiekoers ± 3,88% (2)

[50]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Uitvoere < Invoere (2)

5.1.2 (a) Redes: Uitvoer betaal vir invoer en dra by tot die ekonomiese ontwikkeling van 'n land.✓ Dit hou die ontwikkeling van landbou en mynbou mededingend.✓

Doelwitte: Om die internasionale mededingende posisie van 'n land se vervaardigers te verbeter. Om die benutting van hulpbronne te optimaliseer.✓

(b) Redes: 'n Land moet probeer om sy afhanklikheid van invoer te verminder en terselfdertyd die groei van plaaslike nywerhede te stimuleer. 'n Nasie kan meer selfonderhoudend wees. Die maatreëls kan 'n positiewe invloed op die betalingsbalans hê.✓

Doelwitte: Beskerm plaaslike nywerhede teen invoerkompetisie en stimuleer binnelandse ekonomiese groei. Help die ontwikkeling van sekondêre bedrywe wat indiensneming sal stimuleer.✓

(2 × 3) (6)

5.1.3 Handelsbalans

Goedere uitgevoer	50 121	✓
+ Goud uitgevoer	29 467	✓
- Goedere ingevoer	(82 994)	✓
	(3 406)	✓✓

(5)

5.1.4
- Natuurlike hulpbronne: 'n Oorskot van hulpbronne in sommige lande sal uitgevoer word na lande met 'n gebrek aan daardie hulpbronne.
- Klimaat: Baie landbouprodukte kan slegs teen 'n bepaalde temperatuur en in 'n spesifieke grondsoort geproduseer word. Lande dryf handel in / ruil produkte wat hulle nie self of nie in voldoende hoeveelhede kan produseer nie.
- Arbeidsvaardighede, entrepreneuriese eienskappe en tegniese kennis: Sommige lande het sekere vaardighede om 'n sekere produk te produseer.
- Kosteverskille en vergelykende voordeel: 'n Land voer goedere uit wat 'n groter voordeel bo ander lande skep en voer goedere in wat 'n kleiner voordeel bo ander lande skep. (4 × 2) (8)

5.2
- Verskaffing van noodsaaklike goedere en dienste wat onderwaardeer word deur die markmeganisme✓ soos sanitasie en openbare parke.✓
- Verskaffing van groot kapitaaluitgawes op sekere goedere en dienste waarin die private sektor nie kan belê nie,✓ bv. treine.✓
- Behels desentralisering om politieke en maatskaplike doelstellings te bereik, bv.✓ HOP-huise.✓
- Stel finansiële instellings in staat om sekere kollektiewe funksies namens die staat te verrig,✓ bv. WVF.✓ (4 × 2) (8)

5.3 Prys van die finale produk✓
- Hoe redeliker die prys van 'n produk in verhouding tot die waarde wat dit bied, hoe groter is die vraag na 'n produk. Hoe groter die vraag na die produk, hoe meer arbeid sal gevra word om te help met die produksieproses..✓✓

Marginale inkomsteproduk vir arbeid✓
- Die ekstra inkomste wat gegenereer word as 'n addisionele werker in diens geneem word voordat die 'wet van afnemende opbrengs' lei tot die arbeidsvraagkromme.✓✓ (2 × 3) (6)

5.4 Kollektiewe bedinging is 'n metode waardeur vakbonde✓ hul lede✓ se diensvoorwaardes probeer handhaaf en verbeter✓. (3)

5.5
- Geldlone: die bedrag wat aan die persoon betaal word vir dienste gelewer, ongeag die inflasiekoers.
- Reële lone: Lone wat by inflasie aangepas word. (2 × 2) (4)

5.6
- Fiskale beleid:✓ Die aksies om 'n ekonomie te beïnvloed deur belasting en staatsbesteding✓
- Monetêre beleid:✓ Fokus op die vermeerdering of vermindering van die geldvoorraad in 'n land✓
- Inkomstebeleid:✓ Verseker billikheid rakende inkomste wat burgers van 'n land ontvang✓
- Buitelandse ekonomie:✓ Verduidelik die vloei van geld deur lande en die uitwerking wat dit op die onderskeie ekonomieë het✓ (4 × 2) (8)

[50]

VRAAG 6

6.1 6.1.1
- Stakings:✓ Dit is skadelik vir die ekonomie, want verlore manure kan nie ingehaal word nie. Dit lei tot 'n gebrek aan produktiwiteit en verminder die BBP.✓
- Gebrek aan vaardighede/opleiding:✓ SA se tekort aan geskoolde arbeid manifesteer in 'n lae-tegnologie-ekonomie waar daar 'n tekort aan kapitaalinvestering en produksie van goedere met hoë waarde is. Dit verminder die potensiaal van inkomste uit uitvoere.✓
- Migrasie:✓ Die proses om die land te verlaat, lei tot talentverlies wat 'n negatiewe uitwerking op die geskoolde arbeidsmag het.✓

(3 × 2) (6)

6.1.2
- Wrywingswerkloosheid
- Sikliese werkloosheid
- Strukturele werkloosheid
- Seisoenale werkloosheid (4 × 2) (8)

6.2 6.2.1 Onwaar
6.2.2 Onwaar
6.2.3 Waar

(3 × 1) (3)

6.3
- Staatsbates: Verkope, verhuring of huurkoop aan private instellings, bv. Eskom
- Lenings: Geld word geleen om 'n begrotingstekort aan te vul
- Belasting: Persoonlike belasting, BTW
- Lewer administratiewe dienste waarvoor betaal word
- Kommersiële inkomste uit die verskaffing van goedere en dienste

(Enige 2 × 2) (4)

6.4 Ekonomiese groei
- Gaan oor die toename in die reële BBP per capita, gemeet aan die gemiddelde toename in die hoeveelheid goedere en dienste per capita van die bevolking oor tyd.
- Konsentreer op goed (goedere en dienste).

Ekonomiese ontwikkeling
- Dit is die proses waardeur die meerderheid mense in 'n land se lewenspeil mettertyd verbeter.
- Fokus op mense (hul lewenspeil, selfrespek en vryheid van keuse). (2 × 2) (4)

6.5
- Moedig nywerheidsontwikkeling✓ aan deur middel van tariefbeskerming✓
- Moedig private ondernemings✓ aan deur belastingtoegewings✓
- Verminder✓ staatsbesteding✓
- Bevorder uitvoere✓ deur middel van subsidies✓
- Bevorder desentralisering✓ van bedrywe✓
- Stabiliseer ekonomiese groei✓ en bekamp inflasie✓
- Verminder staatskuld✓ deur oorskotte te gebruik vir kapitaalprojekte✓
- Verminder die belastinglas✓ op individue deur die belastingkoers so laag as moontlik te hou✓ (vir die laer- en middelinkomstegroepe) (Enige 5 × 2) (10)

6.6 Dagdeposito
- Dit kan 'n spaar- of bankrekening wees.
- Onmiddellike toegang tot die rekening word verskaf.
- Die voordeel van die spaarrekening is om rente te verdien.

Munte
- Muntstukke word as kleingeld beskou om klein bedrae te betaal.
- Muntstukke kan silwer, nikkel of brons wees.

Papiergeld
- Sentrale banke (in SA die Reserwebank) het die reg om banknote gedek deur goud uit te reik.

Tjek-/lopende rekeninge
- Geld kan op enige tydstip teen 'n lae rentekoers onttrek of gedeponeer word.

(4 × 2) (8)

6.7
- Akkuraatheid
- Dubbeltelling
- Nasionale versus reële inkomste
- Dienste nie ingesluit nie
- Oordragbetalings (Enige 3 × 2) (6)

6.8 Waar (1)

[50]

VRAAG 7

7.1 7.1.1 Nasionale inkomste = lone✓ + huur✓ + rente✓ + wins✓ (4)

7.1.2 Styging (2)

7.1.3
- Nominale nasionale inkomste: Geld op 'n spesifieke tydstip – die netto salaris wat huis toe geneem word.
- Reële nasionale inkomste: Die bedrag wat jy regtig kry nadat prysstygings in berekening gebring is. (2 × 2) (4)

7.1.4 (a) A = … teen faktorkoste
C = … BBP teen markprys (2 × 2) (4)

(b) B = 943 + 844 + 355 + 45 – 16✓✓✓
= 2 171 miljard✓ (4)

7.2
- Subsidies om produksiekoste te verlaag
- Belastingvrystelling in sekere nywerheidsgebiede om belastingdruk op ondernemings te verlaag
- Kontanttoelaes om die totale koste te verlaag
- Handelsmissies deur ministers vir toekomstige handelsooreenkomste
- Kredietfasiliteite vir ondernemings wat sukkel om lenings te kry
- Lae koste en vervoer fasiliteite.
- Tegniese advies en kundigheid (Enige 3 × 2) (6)

7.3 7.3.1 Privatisering. Die oordrag✓ van geskikte funksies, aktiwiteite of eiendom van die openbare na die private sektor.✓

7.3.2 Deregulering. Die vermindering van regulasies of beperkings✓ wat vrye mededinging in die lewering van goedere en dienste kan belemmer.✓

7.3.3 Nasionalisering. Die proses waardeur die staat✓ eienaarskap neem van private ondernemings en dit bestuur.✓

7.3.4 Regstellende aksie. Verseker dat geskikte gekwalifiseerde mense uit vasgestelde groepe✓ gelyke geleenthede het in die werkplek.✓ (4 × 2) (8)

7.4
- Uitgawes deur huishoudings:✓ Huishoudings verbruik goedere en dienste en lewer produksiefaktore. ✓
- Uitgawes deur ondernemings/besighede:✓ Dit is die geld wat besighede spandeer wanneer hulle kapitaalgoedere koop om te gebruik om ander goedere en dienste te vervaardig. ✓
- Staatsuitgawes:✓ Die regering spandeer geld aan goedere en dienste wat hulle aan die burgers van die land verskaf. ✓
- Uitgawes deur die buitelandse sektor:✓ Produkte wat deur private huishoudings, nywerhede en die regering aangekoop word, is belangrike bronne. ✓ (4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

7.5
- Prys van produksiefaktore: Pryse van arbeid, tekort aan kapitaal om in toerusting te belê en 'n gebrek aan vaardige mense kan van tyd tot tyd wissel.
- Gebrek aan produktiwiteit: Die aantal eenhede wat in 'n sekere tyd vervaardig word, kan daal as dit beïnvloed word deur die weer of veranderings in die infrastruktuur.
- Energiekoste: Styging in pryse van brandstof of elektrisiteit sal die prysvlak van produkte en dienste verhoog.
- Mag van vakbonde: Stakings kan veroorsaak dat die produksie van goedere en dienste oor 'n tydperk daal, wat die prysvlak sal beïnvloed.
- Migrasie: Emigrasie van geskoolde werkers of immigrasie van werkers sal die prysvlak van produkte beïnvloed. (5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou